



## **Die Mzansi-olifant in die kamer – ‘n klassieke orkeskaping**

### **Louis Heyneman, Uitvoerende Hoof en Artistieke Direkteur van die KFO**

Dit is byna twee jaar sedert die Departement van Sport, Kuns en Kultuur ‘n nuwe nasionale simfonie-orkester stil-stil en sonder behoorlike raadpleging op die been gebring het. Die mandaat van die Mzansi Nasionale Filharmoniese Orkester is om die orkester-landskap te transformeer, maar dis nou reeds duidelik dat hierdie landskap binnekort ‘n woestyn gaan wees.

Die oogmerk was die bemagtiging van orkespelers uit alle gemeenskappe en ‘n orkester wat die hele Suid-Afrika sou verteenwoordig. Die doelstelling is dat almal moet voordeel trek uit die orkester se konserte, werksgeleenthede en opleiding. Voorheen is die Departement se begroting verdeel tussen die drie groot sentrums, maar sedert 2020 is die volle begroting aan die nuwe orkester toegeken met groot implikasies vir die bestaande orkeste.

Net voor die Covid-pandemie is R1 miljoen deur die voormalige Minister van die Sport, Kuns en Kultuur, Nathi Mthethwa, vir ‘n sakeplan bewillig. ‘n Taakspan is aanvanklik saamgestel, maar weens Covid is die aktiwiteite van die “taakspan” kortgeknip. ‘n Halfgebakte plan is toe deur die konvenor van die groep aan die Departement voorgelê sonder dat enigiemand insae daarin kon kry.

Presies wat is tot dusver bereik? Behalwe twee kort konserttoere wat uitvoerings in vier stede ingesluit het, het die Mzansi Orkester nog geen beduidende verskil aan orkesmusiek in Suid-Afrika gemaak nie. Wat dit wel besig is om te doen, is om die drie professionele orkeste in Johannesburg, Kaapstad en Durban finansiële te laat doodbloei.

Verlede week se drie konserte in Johannesburg, Kaapstad en Gqeberha is entoestiasies ontvang en die spelers en gehore lewer gunstige kommentaar op sosiale media. Maar niemand praat oor die olifant in die vertrek nie. Een swaeltjie maak nie ‘n somer nie: die professionele orkeste in Suid-Afrika wat vir dekades die ruggraat van die Suid-Afrikaanse orkestradisie was, sal nie meer as orkeste volhoubaar wees nie. En wie gaan vyftien jaar lank hard werk om ‘n orkester-instrument baas te raak as mens net ‘n paar keer per jaar in ‘n vertoon-orkester kan speel?

In Kaapstad tree die Kaapstadse Filharmoniese Orkester tot 120 per jaar keer op. Dit is ‘n multifunksionele orkester vir simfonie-konserte, opera, ballet asook ander genres. Met dieselfde begroting bedien die Mzansi Orkester ‘n paar stede, maar net een keer per jaar.

Sporadiese konserte met spelers wat lukraak en sonder oudisies gekies word, gaan nie die gehalte van orkespel op ‘n internasionale standaard hou nie. ‘n Jaar gelede het die MNFO sy eerste uitvoering by Wits se Eeufeesviering gegee. In Desember verlede jaar is die eerste konsertreis aangebied – Beethoven se Negende Simfonie in Johannesburg, Durban en Kaapstad met die beroemde vroue-dirigent Marin Alsop op die podium. In sy eerste bestaansjaar is byna R54 miljoen

aan die nuutgesigte entiteit gegee en in die huidige boekjaar die normale begroting van sowat R34 miljoen.

Nou, agt maande later, volg die MNFO se tweede reis van drie konserte. Dié keer was dit Mahler se bekende vyfde simfonie in Johannesburg, Kaapstad en Gqeberha. Die reisende orkes, meestal saamgestel uit professionele musici in Johannesburg, Durban en 'n klompie Suid-Afrikaners wat in die buiteland woon en werk, is veronderstel om 'n nuwe era in orkesmusiek in te lui, aldus die oordadige propaganda waarvoor ruimte ten duurste met belastinggeld in nuusblaaië en op sosiale media gekoop word.

Van die beloofde bemagtiging van jong, plaaslike musici het daar tot dusver dadelik gekom. 'n Paar vertoon-konserte per jaar verander nie die orkes-landskap nie. 'n Orkes wat net 'n paar keer saamspeel, kan nie vir die res van die jaar vaardighede aan jong spelers oordra nie. Die gevestigde orkeste in al die groot sentrums is al dekades besig om jong spelers op te lei en geleenthede te gee om ondervinding in orkespel op te doen.

Die Mzansi Orkes omseil sy opleidingstaak deur links en regs geld aan universiteite uit te deel en oorsese studiegeld aan 'n paar student toe te ken sonder deursigtigheid. Die opleiding van klassieke musici is weliswaar primêr die taak van tersiêre instellings. Maar daarvoor kry universiteite reeds subsidies van die Department van Hoër Onderwys. Die praktiese opleiding deur middel van jeugorkeste, werkskole en ondervinding in orkespel -- asook werksgeleenthede -- hoort by praktiserende orkeste en ensembles en die nie-winsgewende organisasies soos die Miagi-Orkes, Buskaid, die Suid-Afrikaanse Jeugorkeste en vele ander kleiner groepe wat jare lank al goeie werk doen om jong musici te bemagtig.

Die Uitvoerende Hoof van die Mzansi Orkes en sy drie uitgesoekte komiteede wat nie die orkes-sektor verteenwoordig nie, hou die land se orkes-toekoms in hul hand sonder om 'n langtermyn operasionele plan of om die werklike koste van konserte en oorsese medewerkers aan openbare insae te onderwerp.

Die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, die enigste oorblywende Suid-Afrikaanse orkes wat regdeur die jaar optree en nie uit roterende vryskut-musici betaan nie, is verlede jaar genader vir samewerking. Sonder deursigtigheid was die KFO nie bereid om deel te wees van 'n ondemokratiese gekonkel nie en het die klein skenking wat aangebied is, op morele oortuiging geweier. Verskeie versoeke sedert Junie 2022 om insae in die Mzansi Orkes se sake en begrotings te kry, was onsuksesvol. As 'n vennoot wou die KFO ten volle ingelig wees oor die operasionele plan en begroting, nie net die ideale en doelstellings wat so gul in die media en glansbrosjures versprei word nie. Wanneer belastinggeld aangewend word, behoort 'n deursigtige en realistiese sakeplan met die hele industrie gedeel te word.

Tot dusver strompel die Mzansi NPO doelloos met staatsgeld rond en min van die verhewe doelstellings in sy brosjures en reklame word bereik. Die reklame, reis en verblyfkostes, die buitelandse spelers en 'n duur dirigent om statuur aan die orkes te gee, maak elke konsert ten minste drie keer duurder. Om die grootste deel van 'n begroting wat vir musiek bedoel is, op infrastruktuur, promosie en reis en verblyf te spandeer, maak die hele projek onvolhoubaar.

Die gebrek aan nasionale verteenwoordiging en realistiese transformasie is ander aspekte van 'n nasionale ensemble wat nie sin maak nie. Die sogenaamde "Spingbokspan" van orkeste is 'n klug. Ek is bly vir die spelers wat wel kans kry om in die konserte te speel. Hulle verdien elke kans om 'n inkomste te verdien. Die stelsel is egter korrup en onregverdig. En daar is geen verantwoordbaarheid

ten opsigte van wanbesteding nie. Dit is orkeskaping deur 'n paar individue in sy mees klassieke vorm!

Hierdie kaping ondermyn al die ander orkeste. Om finansiële sekerheid van 'n streek weg te neem in 'n tyd waar daar feitlik geen korporatiewe borgskappe beskikbaar is nie, beteken net een ding: 'n woestyn oraloor. 'n Groot, peperduur orkes wat een of twee maal per jaar konserte met ingevoerde dirigente en spelers aanbied, gaan nie die orkeskultuur in Suid-Afrika aan die lewe hou nie.

As dieselfde groep uitgesoekte musici nie gereëld genoeg saam oefen om die peil van orkesmusiek op 'n internasionale standaard te hou nie, is middelmatigheid en permanente werksverliese die gevolg. Dit lei uiteindelik tot 'n apatiese gehoor en die lojale groep musiek liefhebbers wat die huidige orkeskultuur ondersteun, sal taan.

Daar is soveel goeie jong musici wat daarvan droom om eendag heelyds in een van die voortreflike orkeste in Suid-Afrika te speel. Hulle kanse word net minder en minder. Die Mzansi Nasionale Orkes is besig om die orkeskultuur in Suid-Afrika te vernietig. Al die metropolitaanse streke sal hul funksionerende orkeste van gehalte verloor.

Augustus 2023